

Sing vooraf staande: Skrifberyming 9-1:7, 10 (26:7, 10)

- 7 Gee eer aan vader en aan moeder, / want God regeer ons deur hul hand;
dan sal die HEER, die troue hoeder, / ons seën in ons vaderland.
- 10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil'ge God!

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 104:1, 2 (p. 510)

- 1 Waak op, my siel, en loof die HEER! / My God, U is uitnemend seer
verhewe in u majesteit, / U is bekleed met heerlikheid:
- 2 u mantel is van sonneglans, / u troongewelf die bloue trans;
die solderwerk van u paleis / is in die wolke, hooggehys.

Gebed

Psalm 78:3, 4 (p. 390)

- 3 Die HERE het aan Jakob sy bevel, / sy woord en wet gegee aan Israel;
'n vaandelteken om, met erns en trou, / gedurigdeur in oog en hart te hou;
'n teken om die nakroos toe te wink, / 'n taal om diep hul in die hart te sink;
- 4 sodat hul dit húl kinders kan vertel, / om hul vertrou^e alleen op God te stel –
nie wederstrewig in hul wandel weer / en koppig, soos hul vaders was weleer:
'n volk onvas van hart, ontrou van gees, / was hul nie trou teenoor hul God gewees.

Skriflesing: Eksodus 20:1-21

Kernverse: Eksodus 20:12

**Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land
wat die HERE jou God aan jou gee.**

(Eksodus 20:12 AFR53)

Tema: Eer – respek, gehoorsaamheid en dankbaarheid – aan ons ouers

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, dat gesag ondermyn en geminag word, is vir ons nie eers meer snaaks of vreemd nie. Min mense snak nog na hulle asem wanneer 'n kind van vier of vyf jaar oud sy ouers se gesag uitdaag en tart. Inteendeel, daar word oor die optrede van so 'n kind eerder gelag en in sommige gevalle word dit selfs aangeprys.

Dit wil vir ons voorkom of die dae waarin ouers praat en die kinders gehoorsaam sonder enige teëpraterij, is dae wat vir goed verby is. En met die nuwe wetgewing wat in ons land uitgevaardig word, word die verhoudings tussen ouers en kinders nie vergemaklik nie. Kinders mag nie meer deur hulle ouers getug word met lyfstraf nie. Ouers wat dit wel nog sou doen, sal deur die owerheid as 'n oortreder van die landswet behandel word. Jy sal nou 'n krimineel wees as jy jou kind met 'n plat hand oor die boude raps. En kinders wat aan hulle sondige natuur die oorhand in hulle lewens gee, sal dan so ver gaan en hulle ouers by die polisie aankla.

Die tegnologiese vooruitgang wat in die afgelope klompie jare gemaak is, maak dit net nog moeiliker. Kinders word groot met allerhande tegnologiese dinge. En in baie gevalle is kinders dan wat tegnologiese kennis en vaardigheid betref hulle ouers ligjare vooruit. Kennis en vaardigheid met tegnologie gee aan kinders hierdie gewaande idee dat hulle die meerderes van hulle ouers geword het. Maar, kinders, dit is gevaarlik om kennis met wysheid te verwar. Kennis gee aan 'n mens die vermoë om iets te kan doen. Maar dit is wysheid wat 'n mens help om dit wat jy weet reg te kan doen. Nou sal jy vir my vra: Wat beteken dit om iets reg te doen? *Reg doen* in hierdie sin beteken om iets te doen wat tot eer van God is en tot voordeel van jou naaste.

Tot dusver het ons na vier van die Tien Gebooie geluister. Die Here het ons in die studie van die eerste vier gebooie laat verstaan dat Hy die unieke, enigste God is en ons Hom op 'n unieke wyse moet dien. Sy Naam en sy Wese is in mekaar verweef en daarom moet sy Naam met die grootse respek en eerbied gebruik word. Hy het ook 'n bepaalde orde vasgelê van werk en rus wat Hy self ook gedoen het en Hy wil dat ons daarby sal inval omdat dit vir ons groot voordeel inhou in ons verhouding met Hom.

Met hierdie eerste vier gebooie leer die Heilige Gees ons dan watter plig ons teenoor God in ons lewe van elke dag het. Maar daarmee het die Here nie nou afgesluit nie. Ons lewe nie as enkelinge geheel en al afsonderlik net met die Here saam nie. Hy bring mense nie meer onmiddellik voort soos met Adam en Eva aan die begin nie. Hy bring mense middellik voort – Hy doen dit deur middel van 'n man en 'n vrou. Hy laat ons gebore word in 'n gemeenskap met ander mense en laat ons leef binne die gemeenskap met baie ander mense. Daarom gaan die Here voort om in die volgende ses gebooie sy volk te onderrig oor hulle pligte teenoor mekaar.

Afgesien daarvan dat die Tien Gebooie een geheel vorm soos wat ons dit in Eksodus 20 raaksien, is daar bepaalde merkers wat die Heilige Gees hier in die Tien Gebooie gee sodat ons kan sien dat daar nie 'n waterdigte skeiding tussen die eerste vier en die laaste ses gebooie is nie. Die vyfde gebod is doelbewus aan die vierde gebod verwant in die positiewe wyse waarop die Here dit afgekondig het. Dit is die enigste twee gebooie wat nie begin met die woord *Jy mag nie*. Sodoende het die Here verseker dat pligte wat ons teenoor Hom het en die pligte wat ons teenoor ander mense het naatloos langs mekaar geskryf staan.

Wanneer Jesus Christus die Tien Gebooie samevattend aan ons leer in Matteus 22 sê Hy:

Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. Dit is die eerste en groot gebod. En die tweede wat hiermee gelykstaan: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. (Matteus 22:37-39 AFR53)

Wanneer Johannes in sy eerste brief skryf oor die lewenswandel van die Christen, sê hy uitdruklik:

As iemand sê: Ek het God lief—en sy broeder haat, is hy 'n leuenaar; want wie sy broeder wat hy gesien het, nie liefhet nie, hoe kan hy God liefhê wat hy nie gesien het nie? En hierdie gebod het ons van Hom dat hy wat God liefhet, ook sy broeder moet liefhê. (1 Johannes 4:20-21 AFR53)

Ons hoor dus uit die Tien Gebooie self, sowel as uit Jesus Christus se onderrig en die onderrig van die apostel Johannes dat ons pligte teenoor mekaar in volle harmonie is met ons pligte teenoor God. Dat die eerste vier gebooie vir ons waar en belangrik is, word duidelik sigbaar in ons gehoorsaamheid aan die ander ses gebooie.

Broers, susters en kinders, die Here wil hê dat ons 'n goed geordende lewe sal lei. Kinders van die Here behoort te werk sodat hulle hulleself kan onderhou en ook dié wat in nood verkeer kan help. Maar die Here wil nie dat sy mense net moet werk nie. Om die mens dan van 'n skeefgetrekte lewe te spaar, lei die Heilige Gees ons in die vierde gebod om God na te volg deur een van die sewe dae nie met ons normale werk aan te gaan nie. Nou gaan die Here verder om vir sy kinders sekuriteit te verseker in hierdie lewe en Hy doen dit met die afkondiging van die vyfde gebod. Laat ons vervolgens na die gebod luister wat die Here afkondig:

Eer jou vader en jou moeder ... (Eksodus 20:12a AFR53)

Die Hebreeuse woord wat ons met *eer* vertaal, kan letterlik vertaal word as *swaar* of *gewigtig*. In die sin van hierdie gebod word dit dan figuurlik gebruik. Kinders moet hulle ouers as gewigtige, besondere en baie belangrike mense beskou. Dit gaan dus oor mense wat die Here oor ons aangestel het en daarom ons meerderes is. In ons verhouding tot hierdie mense is hulle belangriker as ons en ons is aan hulle onderdanig. Dit is die goeie rangorde wat die Here vir die menslike samelewing wat aan Hom behoort, vasgestel het.

Hierdie gebod is vir ons sekuriteit so belangrik dat die Here dit heel eerste afkondig wanneer Hy begin met ons pligte teenoor ons naaste. Ons sien ook die belangrikheid van hierdie gebod in wanneer ons dit met die eerste gebod vergelyk. In die eerste gebod het die Here ons beveel op Hom alleen te eer as God. Met die eerste gebod wat die Here afkondig wanneer dit kom by ons verhouding met ander mense sê Hy dat ons ons ouers moet eer. In al vyf die eerste boeke van die Bybel is dit net vir God en ons ouers wat die Here ons beveel om te eer. Hiermee beklemtoon die Here hoe belangrik die gesin in die samelewing is. Gesinne is die boublokke van 'n samelewing.

As hierdie feite ons nog nie oortuig dat die vyfde gebod vir ons sekuriteit belangrik is nie, moet ons ten minste die volgende in ag neem. Iemand wat nie eerbied aan sy ouers bewys nie, maar sy vader en moeder vloek, moet doodgemaak word, beveel die Here (Eks 21:17; Lev 20:9). Iemand wat ongehoorsaam en weerbarstig is teenoor sy ouers moet doodgemaak word (Deut 21:18). In die derde gebod het die Here beveel dat ons sy Naam met ontsag moet gebruik. Die mens wat egter die Naam van die Here laster en ydellik gebruik, moet doodgemaak word (Lev 24:10-16). Vir die Here is die vyfde gebod so belangrik dat Hy dieselfde straf vir die oortreding van hierdie gebod gee as vir die oortreding van die derde gebod.

Aangesien hierdie gebod vir die Here so belangrik is, en aangesien ons aan die Here behoort, soos ons ook bely, behoort ons met eerbied te luister wanneer die Here hierdie gebod aan ons afkondig. Ons moet daarna streef om te verstaan wat die Here ons beveel.

Wanneer die Here ons beveel om ons ouers te eer, beteken dit dat ons hulle moet respekteer, hulle gehoorsaam en dankbaarheid teenoor hulle moet bewys. Miskien sal jy nou vra: Maar lees ons nie iets in hierdie woord *eer* in wat nie hier geskryf staan nie? Nee, geliefdes, die Heilige Gees wys dit vir onself in die Woord aan. Maak solank die Bybel oop by Levitikus 19, Efesiërs 6 en Matteus 15.

Kom ons blaai eerste na Levitikus 19 toe.

Elkeen moet sy moeder en sy vader vrees, ... Ek is die HERE julle God.
(Levitikus 19:3 AFR53).

Eerstens: Let op dat die moeder hier eerste genoem word. Vir kinders is die vader en die moeder ewe belangrik. In 'n heidense samelewing en tussen die volke waar Israel hulle

bevind het, is dit net die vader wat belangrik geag is. In die samelewing waarin die Here regeer, is die vader en die moeder belangrik. Tweedens: Let op die woord vrees. Ons is gewoon dat ons die Here moet vrees – ons moet vir Hom ontsag en eerbied en respek hê. Vir ons wat aan die Here behoort sê Hy dat ons ook ons ouers moet vrees – ons moet ontsag, eerbied en respek vir hulle hê.

Hieroor het Calvyn nogal 'n kosbare opmerking gemaak in sy *Institusie van die Christelike Godsdiens*:

Die Here maak die mens aan wie Hy 'n posisie van aansien gee, 'n deelgenoot in sy Naam in soverre dit nodig is om hulle aansien te beskerm. Die Name Vader, God en Here pas alleen by Hom en ons het agting en ontsag vir sy majesteit wanneer ons net een van hierdie Name hoor. Nou versier die Here die mens wat Hy 'n deelgenoot in sy Naam maak met 'n vonkie van sy eie glans, sodat elkeen volgens sy posisie aansien mag geniet. Dit betaam ons dus om in die mens wat ons vader is, iets goddeliks te erken want hy dra die goddelike titel nie sonder rede nie. (Institusie 2.8.35)

Kom ons blaai vervolgens na Efesiërs 6:

Kinders, julle moet jul ouers gehoorsaam wees in die Here, want dit is reg.
(Efesiërs 6:1 AFR53)

Ons maak al in die afkondiging van die vyfde gebod die afleiding dat die Here met kinders in die besonder praat. Hier in Efesiërs hoor ons dit duidelik dat die Here die kinders aanspreek. Kinders is nie maar net aanhangsels – onbelangrike wesentjies wat eers belangrik word wanneer hulle groot is nie. Kinders is van hulle babatyd af vir die Here belangrik. Die kindertjies in Israel is net soveel deur die Here uit Egipte verlos en is net soveel deur die bloed van die paaslam beskerm as wat die grootmense verlos en beskerm is. Die belofte wat die Here in sy verbond maak om God vir sy mense te wees, geld vir grootmense en kinders (Gen 17:7; Hand 2:39). Jesus Christus het immers net soveel as wat Hy vir grootmense se sondes aan die kruis gely het ook vir die sondes van klein kindertjies aan die kruis gely. Daarom hoort kindertjies van kleins af saam met ons in die erediens en moet hulle saam met ons die Woord van die Here hoor wanneer ons dit ook al lees en oordink.

Maar luister wat sê Paulus hier. Kinders moet hulle ouers gehoorsaam, want dit is reg. Dit is wat die Here verwag van kinders wat sê dat hulle in Jesus Christus glo. Jesus Christus gaan ons immers voor in hierdie gehoorsaamheid. Ons lees in Lukas 2 dat Jesus – Hy wat waarlik God en ware, regverdige mens gelyktydig is – aan sy ouers onderdanig was. Hy was aan hulle gehoorsaam, want Hy het sy Vader in die hemel voluit gehoorsaam tot in die dood aan die kruis (Fil 2:8). Kinders, moenie net die plakker op jou tas sit of die armbandjie aan jou arm dra waarop geskryf staan *Wat sou Jesus doen* nie. Doen wat Hy gedoen het, gehoorsaam jou ouers, want dit is reg vir die Here.

Daar is vroeër opgemerk dat hierdie gebod ons sekuriteit in hierdie lewe verseker. Luister bietjie wat skryf Paulus in Romeine 1. Hoor in wie se geselskap verkeer mense wat ongehoorsaam is aan hulle ouers:

En omdat hulle dit van geen belang ag om God te ken nie, gee Hy hulle oor aan hulle verdraaide opvattinge, sodat hulle doen wat onbetaamlik is. Hulle is een en al ongeregtheid, slegtheid, hebsug en gemeenheid; hulle is vol jaloesie, moord, twis bedrog en kwaadwilligheid. Hulle skinder en praat kwaad; hulle haat God, hulle is hooghartig, aanmatigend, verwaand; hulle is mense wat kwaad uitdink, ongehoorsaam aan hulle ouers; hulle is onverstandig, onbetroubaar, liefdeloos, hardvogtig. (Romeine 1:28-31 AFR83)

In hierdie woorde en in die woorde van 2 Timoteus 3:1-5 hoor ons hoe lyk 'n samelewing wat aan flarde is. Mense wie se lewens stukkend en seer is. En hoekom? Omdat hulle God nie wil ken nie en een kenmerk van hulle is dat hulle ongehoorsaam is aan hulle ouers. Hulle maak die lewe vir ander en vir hulleself swaar. As kinders meng met die mense wat al hierdie verkeerde dinge doen, sê hulle dat hulle nie 'n veilige lewe wil lei nie, want hulle wil nie die sekuriteit geniet wat die Here met hierdie gebod verseker nie.

Nou blaai ons na die eerste verse in Matteus 15. Ons lees daar dat die Fariseërs vir Jesus en sy dissipels kwalik geneem het omdat die dissipels die oorgelewerde gebruike van die voorgeslagte verontagsaam. Nou wat het die dissipels gedoen wat so vreeslik is? Hulle het nie hulle hande gewas voordat hulle eet nie. Vir die Fariseërs was dit 'n verskriklike groot sonde.

Jesus antwoord hulle beswaar met 'n vraag:

Waarom verontagsaam julle self die gebod van God ter wille van julle oorgelewerde gebruike? God het gesê: 'Eer jou vader en jou moeder' en 'Wie sy vader of moeder vloek, moet sekerlik doodgemaak word.' Maar julle bepaal: 'As iemand vir sy pa of sy ma sê: Die hulp wat u van my sou kon kry, maak ek 'n offergawe vir God, dan hoef hy nie meer sy plig teenoor sy pa na te kom nie.' So ontnem julle die woord van God sy gesag ter wille van julle oorgelewerde gebruik. (Matteus 15:3-6 AFR83)

Te maklik gebeur dit dat mense vandag die versorging van hulle bejaarde ouers los vir die kerk of selfs vir die staat. Sy ouers het hom nou in die wêreld gebring en hom gehelp sodat hy kon grootword, skoolgaan en uiteindelik 'n werk doen, en nou dink die mens dat hy en sy ouers se verhouding geëindig het. Dit werk nie so nie. Tot in hulle ouderdom bly hulle jou ouers. Deel van jou eer aan hulle is om hulle te versorg op die wyse waarop die Here dit ook al vir jou moontlik maak. Die detail van hoe jy hulle moet versorg, staan nie vir ons neergeskryf nie, maar die beginsel staan geskryf – dit is die beginsel wat ons Here Jesus self vir ons gee.

Alhoewel die vyfde gebod praat van ons vaders en moeders, weet ons dat die Here ons beveel om almal wat Hy oor ons gestel het te eer. Ons moet agting hê vir almal wat in ouderdom ouer as ons (1 Tim 5). Ons moet agting hê vir die owerheid wat die Here oor ons aangestel het (Rom 13:1-7) en vir ons werkgewers (1 Pet 2:18-25). As lidmate moet ons agting hê vir die voorgangers wat die Here aangestel het in die gemeente (Heb 13:7-19). Tyd gaan ons egter nie toelaat om nog by elkeen van hierdie stil te staan nie, want ons wil ook nog by die belofte van hierdie gebod uitkom:

Eer jou vader en jou moeder, dat jou dae verleng mag word in die land wat die HERE jou God aan jou gee. (Eksodus 20:12 AFR53)

Paulus lê in sy brief aan die Efesiërs besondere klem op hierdie belofte. Met hierdie belofte bevestig die Here self hoeveel vreugde Hy daaruit kry wanneer sy kinders Hom in hierdie gebod gehoorsaam. Hy gee aan hulle 'n lang lewe in die land waarin Hy hulle laat leef.

Vir Israel het hierdie belofte 'n lang lewe behels in die beloofde land waarin hulle sou intrek. Die besit van die land was vir Israel 'n waarborg van God se goedgesindheid, daarom betuig die Here sy genade deur 'n lang lewe aan elke gehoorsame kind van Hom te skenk. Met die gevolg dat hulle sy weldadigheid vir 'n lang tyd mag geniet. Die lewe hier op aarde is 'n seën van die Here vir die gelowige. Daarom geld die belofte ook vir ons in soverre as wat 'n lang lewe vir ons 'n bewys is van God se welwillendheid. Die lang lewe

word nie belowe omdat 'n lang lewe die geluksaligheid self is nie, maar omdat dit vir godvrugtige mense 'n teken is van God se goedertierenheid.

Nou wys die Heilige Gees ons ook daarop dat die Here hierdie gebod en belofte nie gee sodat 'n mens die gebod gehoorsaam om maar net te kry wat Hy belooft nie. Die Here laat Hom nie uitoorlê deur 'n mens nie. Hy gee hierdie belofte sodat ons kan verstaan dat Hy sy seën van genade uitgiet op die weg van gehoorsaamheid, net soos wat Hy dit in Eksodus 19:4-6 gestel het. Daarom gehoorsaam ons die Here omdat Hy God is. En in sy getroue genade skenk hy aan die gehoorsame kind die belofte van 'n lang lewe.

Geliefdes, die gesag van ouers word in die algemeen uitgetart en ondermyn. Ons ouers moet dit nie aanmoedig nie. Daarom moet ons as ouers die rangorde van gesag vir ons kinders leer. 'n Pa en 'n ma kan nie soos skoolvriende met hulle kinders omgaan en dink hulle kinders gaan hulle respek vir hulle behou nie. Daarmee word nie gesê dat ouers soos diktators oor hulle kinders moet heers nie. Die Here stel ouers in daardie posisie van aansien en Hy maak hulle deelgenote van die eer van sy Naam omdat Hy die kind wil leer om onderdanig te wees aan die Here self. Waar ouers toelaat dat kinders met minagting optree teenoor hulle, dra hulle by tot 'n samelewing wat aan flarde gaan wees.

Kinders, laat ons ons ouers eer, soos die Here ons beveel. Praat met respek en ontsag van hulle en met hulle. Gehoorsaam hulle, en wanneer hulle oud geword het, sorg vir hulle soos die Here beveel. En as ons agterkom dat ons in die verlede nie die nodig eer aan hulle bewys het as wat ons moes nie, weet ons dat ons eintlik die dood verdien. Maar die Here is genadig. Ons kan weer na Christus vlug. Hy leer ons wat gehoorsaamheid regtig beteken. Hy was aan sy Vader gehoorsaam tot in die dood sodat ons ook vir hierdie sonde om vergifnis kan smek, en van vooraf die Here gehoorsaam deur ons ouers te eer soos die Here dit verwag.

Amen!

Slotgebed

Psalm 119:4, 5 (p. 586)

- 4 Hoe sal in sy jeug die jong'ling, / gou deur ydelheid bekoor,
rein kan wandel in sy weë?... / As hy wandel in u spoor!
U soek ek van ganser harte / HEER, hou U my hande vas,
dat ek van u spoor nie dwaal nie / en die kwaad my nie verras.
- 5 Daarom sluit ek al u woorde / in my hart sorgvuldig in,
dat ek nie teen U sou sondig / en te minder U bemin.
HEER, my God, U is lofwaardig! / Leer my tog u regte wel.
Met my lippe^ot ek die wysheid / van u wet alom vertel.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

Amen.

Ds Coen Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
10 November 2013